**WS ELEKTRONIKA:  WAARBORG OOREENKOMS**

WS ELEKTRONIKA waarborg al sy produkte vir ‘n jaar vanaf datum waarop dit aangekoop word en onderneem gratis herstelwerk, of indien nodig, gratis vervanging met dien verstande dat:

a) Die produk onklaar geraak weens komponente wat op natuurlike wyse foutief of onklaar geraak het.

b) Hierdie waarborg dek nie skade weens weerlig, water, chemikalieë, kortsluitings, foutiewe installering, verkeerde toevoerspanning en/of die gebruik van produk in enige toestand of toepassing waarvoor die produk nie ontwerp of bedoel  is nie.

c) WS ELEKTRONIKA die produk sal nagaan en op grond van tegniese waarnemings en metings die oorsaak van skade vasstel en oordeel of die produk vir gratis herstelwerk kwalifiseer.  In dié verband onderneem WS ELEKTRONIKA om aan die klant op aanvraag ‘n tegniese verslag te voorsien vir sy kennisname van die bevindings.

d) Dit die verantwoordelikheid van die klant is om op eie koste die produk aan WS ELEKTRONIKA in Orania (Noord-Kaap) te besorg vir die nodige ondersoek. (Sien posadres hieronder)

e) WS ELEKTRONIKA sal die produkop sy eie koste weer aan die klant terugbesorg indien die produk vir gratis herstel gekwalifiseer het.

LET WEL:

Die datum op faktuur/betalingsbewys is die datum waarop bogemelde ooreenkoms betrekking het en is dit noodsaaklik dat gemelde dokument vir verwysing beskikbaar sal wees.

++++++++++++++++++++++++++++++++

WS Elektronika posadres:

Werner Smook

Posbus 372

Orania

8752

Selfoonnommer: (kantoor-ure)

072 106 2892

e-posadres:

wernersmook@gmail.com

Webbladadres:

www.wselektronika.co.za